Kuswag

"Ek is nie bang vir storms nie, want ek leer om my skip te seil."
-Louisa May Alcott

Doelwit: Om die Verkenner bewus te maak van die beveiliging en beskerming van ons kuslyne en lewensredding ter see.

Weergawe: *2009*
Datum: *Januarie 2009*

Begronding:

Voortrekkerkode:
7: 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8: 'n Voortrekker neem leiding.
9: 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10: 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Hierdie spesialisasie beklemtoon veral positiewe burgerskap deurdat die Verkenner die geleentheid gebied word om kennis op te doen oor die belang van beveiliging en beskerming van ons kuslyne. Sodoende word die kultuuropdrag wat deur God aan ons gegee is ook tot uitvoering gebring.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	3 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in groepsverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando, gebiedskamp.		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. 'n Groot kaart van die kuslyn van die Republiek van Suid-Afrika bekom en die ligging van die volgende daarop aandui:
   - 1.1 Die vuurtorings met hulle name en seinkodes.
   - 1.2 Die belangrikste hawens.
   - 1.3 Die basisse van die Suid-Afrikaanse Vloot.
   - 1.4 Die basisse van die Nasionale Seereddingsinstituut (NSRI).

2. Enige **twee** van die vereistes 2.1 tot 2.4 nakom:
   - 2.1 Ten opsigte van vuurtorings:
     - 2.1.1 Die doel, uitleg, samestelling en werking van 'n vuurtoring ken.
     - 2.1.2 'n Vuurtoring besoek en 'n kort verslag oor die besoek skryf.
   - 2.2 Ten opsigte van Portnet en Doeane:
     - 2.2.1 Bewus wees van die rol van die Portnetbeamptes en Doeaneamptenare by ons hawens.
     - 2.2.2 Bewys lewer dat hy 'n Portnethawe besoek het, insluitende die kantore van Portnet en Doeaneamptenare by dié hawe.

2.3 Ten opsigte van die maritieme mag:

2.3.1 Bewus wees van die rol wat die Maritieme Mag speel met betrekking tot die beskerming van Suid-Afrika en reddingswerk ter see, asook van die belangrikheid van die Kaapse Seeroete.

2.3.2 Bewys lewer dat hy 'n vlootbasis besoek het.

2.4 Ten opsigte van die NSRI:

2.4.1 Bewus wees van die doel, struktuur en werksaamhede van die NSRI.

2.4.2 'n Basis van die NSRI besoek en 'n kort verslag oor die besoek skryf.